Leef saam
HUISGELOOF

# Week 5

## AGTERGROND VIR DIE TEKS VAN MARKUS 14:66-72

**Wie?**
Petrus is die sentrale karakter in hierdie Bybelteks. Die diensmeisie en die skare speel 'n belangrike rol in die verhaal. Al is Jesus nie self teenwoordig in hierdie verhaal nie, draai die teks rondom ons verstaan van Jesus.

**Waar?**
Markus 11 vertel van Jesus se intog in Jerusalem vir die Paasfees. In Markus 14 lees ons dat Jesus en sy dissipels saamkom om die fees van die ongesuurde brood met 'n paasmaaltyd te vier. Dit is tydens hierdie ete dat Jesus die nagmaal instel.
Ná die ete lees ons (Mark 14:26-31) dat Jesus en sy dissipels saam uitgaan na die Olyfberg. In Markus 14:53 lees ons dat Jesus na die huis van die hoëpriester geneem word om voor die Joodse Raad te verskyn.
Dit is hier waar Petrus vir Jesus verloën.

**Wat?**
Jesus waarsku sy dissipels dat hulle almal van Hom af sal wegvlug wanneer "die herder doodgemaak word" (14:27). Petrus verklaar dat al sou al die ander van Jesus weghardloop, hy Jesus nooit in die steek sal laat nie, al moet hy ook sterf. Jesus reageer op Petrus se woorde deur te verklaar dat Petrus Hom dieselfde nag nog drie keer sal verloën, voordat die haan 'n tweede keer kraai.
En dit gebeur toe ook presies so.
Toe Jesus in die tuin van Getsemane gevange geneem word, vlug al sy dissipels. En toe Jesus voor die Joodse Raad verskyn, waag Petrus dit om na die binnehof van die hoëpriester se huis te gaan. Daar herken 'n diensmeisie hom as een van Jesus se volgelinge. Drie maal ontken Petrus dat hy vir Jesus ken, en só verloën hy vir Jesus.
Toe Petrus besef wat hy gedoen het, het hy in trane uitgebars (14:72).

# Week 5

**Waarom?**

Terwyl die Johannesevangelie vertel hoe Jesus vir Petrus vergewe deur hom die rots te noem waarop die kerk gebou sal word, laat die Markusevangelie Petrus se verhaal met ʼn oop einde. Waarom sou die skrywer van Markus gekies het om dit te doen? Waarskynlik omdat hy die verhaal van Jesus (die evangelie) vertel vir ʼn gemeente van eerstegenerasie-Christene wat baie swaargekry het weens allerhande vervolging. Hy wou hierdie gelowiges met Petrus se verhaal bemoedig en hulle miskien ook herinner aan hulle identiteit as volgelinge van Jesus.

Petrus se verhaal herinner ons ook aan ons identiteit as kinders van God en wat dit in ons lewe van elke dag beteken.

Leef saam

HUISGELOOF

# Week 5

## WELKOM

- Skryf almal in die huis se name op 'n stukkie papier neer en gooi die papiertjies in 'n bakkie. Almal trek dan 'n naam. Beskryf die persoon wie se naam jy getrek het, maar moenie net vassteek by hoe hy/sy lyk nie. Die res van die gesin moet raai wie jy beskryf. Byvoorbeeld Mamma is liefdevol. Pappa is sterk en gee om.
- Wanneer ons iemand beskryf, gee ons 'n kort getuienis oor wie hulle is. Deur ons getuienis oor die persoon erken ons dat ons hom/haar ken.

## WONDER

*Lees Markus 14:66-72.*
*Gesels saam:*

- *Hoekom dink julle het Petrus ontken dat hy vir Jesus ken?*
- *Hoe dink julle het Petrus gevoel toe hy die haan hoor kraai?*
- *Is daar tye wanneer ons wil ontken dat ons vir Jesus ken?*

## WEES

*Wanneer ons sê ons ken vir Jesus, is daar sekere dinge wat ons oor Hom getuig en bely. Deur die eeue heen is daar verskeie belydenisse geskryf wat sê wat ons oor Jesus glo.*
*Hier is 'n skakel of 'n QR Kode wat jou kan neem na die Apostoliese Geloofsbelydenis video. Dit is baie oulik*
*Skakel: https://www.youtube.com/watch?v=g5bEid17nnU*
*Julle kan saam as 'n gesin die Apostoliese Geloofsbelydenis oefen. Maak dit lekker en kyk of julle hom kan doen met bewegings :).*

Leef saam

HUISGELOOF

# Week 5

## WEGSTUUR

*Skryf as huis 'n paar woorde neer oor wat julle oor Jesus glo en bely. Skryf dit op 'n plakkaat neer en plak dit teen die yskas op.*

*Sluit saam af deur vir God dankie te sê vir een ding vandag.*